



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015 GRAAD 6 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL TOETS

PUNTE	
-------	--

PUNTE: 70

TYD: 1½ uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 4A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	
------	--

DOGTER	
--------	--

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 16 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder:

1. Die onderwyser sal die instruksies lees en die oefenvoorbeelde saam met jou doen.
2. Lees al die instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
4. Waar daar meervoudigekeuse-vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
5. Waar een woord verwag word, skryf slegs die woord in die spasie wat voorsien word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeelde

1. Watter land word deur die Bafana Bafana-sokkerspan verteenwoordig?

- A Australië
- B Suid-Afrika
- C Kameroen
- D Nigerië

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy **B** omkring het.

2. Watter woord is die selfstandige naamwoord in die volgende sin? Skryf die woord op die lyntjie.

Die boek is interessant.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy “boek” op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes hoekom jy skool hierdie jaar gaan geniet.

Jy moes in volsinne op die lyntjies iets soortgelyk as die antwoord hieronder geskryf het.

Ek sal hierdie jaar baie geniet, want my Afrikaanse juffrou is vriendelik.

Ek sal dit ook geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord vraag 1-24.2.

- 1 Eendag was daar 'n kas wat heeltemal van glas gemaak is en jy kon regdeur die kas sien. Dit het gelyk of die kas leeg is, maar jy kon enigiets wat jy begeer daaruit haal. As jy nuwe skoene wou hê, kon jy net die kas oopmaak en dit uithaal. Daar was net een reël: as jy iets uit die kas haal, moet jy weer iets in die kas terugsit.
- 2 Die kas het aan 'n baie ryk en belangrike koning behoort. Eendag moes die koning op 'n lang reis gaan. Terwyl die koning weg was, het die we die kas gesteel. Hulle het met die kas die woud ingevlug. "Nou kan ons enige iets kry wat ons wil hê," het hulle gesê. Hulle het begin om sakke vol goud uit die kas te haal. "Hoera!" skree hulle, "Ons kan nou soveel goud kry as wat ons wil hê!"
- 3 Hulle het die hele nag wakker gebly en die een sak goud na die ander uit die kas gehaal. Elke dief was bang die ander die we kry meer goud as hyself. Hulle het nie eers gestop om te eet of te slaap nie. Uitgeput het hulle aangehou om goud vinniger en vinniger uit te haal, totdat dit 'n hele mal deurmekaarspul was. Niemand het enigiets teruggesit in die plek van al die goud wat hulle uitgehaal het nie.
- 4 Uiteindelik was die leier van die die we stokflou, honger en dors en hy kon nie meer uithou nie. Hy het 'n hamer gevat en die glaskas fyn en flenters geslaan. Al drie die we het geskree en toe morsdood neergeval op die reuse berg goud wat hulle uit die kas gehaal het.
- 5 Toe die koning van sy reis af terugkom, het hy sy knegte beveel om die die we te soek. Hulle het die die we dood bo-op die hoop goud gekry, langs die oorblyfsels van die glaskas. Hulle het sestig waens vol goud gelaai en dit teruggeneem na die koning toe.
- 6 Die wyse koning het sy kop geskud en gesê: "As hulle maar net elke keer iets teruggesit het vir elke sak goud wat hulle uitgehaal het, sou hulle vandag nog geleef het." Hy het sy knegte beveel om al die stukkies glas bymekaar te maak en dit dan te smelt. Daarmee het hulle toe 'n aardbol gemaak wat al die lande van die wêreld wys. Dit is om almal daaraan te herinner dat ons aarde net so broos is soos dié glaskas.

[Oorsprong onbekend]

1. Waaroor gaan die storie?
- A Gehoorsame knegte
 - B 'n Glaskas
 - C 'n Magtige koning
 - D Geslepe diewe
- (1)

2. Wat moet jy doen as jy iets uit die kas haal? (Paragraaf 1)
- A Maak die kas se deur toe.
 - B Deel dit wat jy uitgehaal het.
 - C Sit iets terug.
 - D Maak die glas skoon.
- (1)

3. Wat is die les wat jy uit die storie geleer het?
- A Rëels is daar om gebreek te word.
 - B Ons moet ons aarde oppas.
 - C Goud sal jou gelukkig maak.
 - D Die koning se lang reis.
- (1)

4. Skryf 'n gepaste titel vir die storie.
-
- (1)

5. Wat het die knegte met die gesmelte glas gedoen? (Paragraaf 6)
-
-
- (1)

6. Waar het die storie afgespeel? (Paragraaf 2)
-
-
- (1)

7. Wat is die betekenis van die woord “broos” soos dit in die teks in paragraaf 6 gebruik is?
- A Breek maklik
 - B Baie versigtig
 - C Baie besig
 - D Gedeeltelik ryk
- (1)
8. Watter woord beskryf die diere die beste?
- A Gulsig
 - B Slim
 - C Gelukkig
 - D Lui
- (1)
9. Wat word bedoel met die woord “vlug” in die volgende sin?
“Hulle vlug met die kas die woud in ...” (Paragraaf 2)
Dit beteken hulle ...
- A loop.
 - B ry.
 - C vlieg.
 - D hardloop.
- (1)
10. Voltooi die volgende sin deur die korrekte antwoorde uit die leesstuk in te vul. (Paragraaf 5)
- Die knegte maak 10.1_____ waens vol goud en neem dit terug na die 10.2_____ toe.
- (2)
11. Hoe het die leier van die diere 'n einde gemaak aan die “mal deurmekaarspul”? (Paragraaf 4)
- _____
- (1)

12. Maak 'n opsomming van paragraaf 4, 5 en 6 van die storie, in logiese volgorde en in jou eie woorde. Skryf **sewe** hoofgedagtes neer (60-70 woorde). Fokus op:

- Die optrede van die diewe se leier.
- Die koning se optrede.
- Wat het met die glaskas gebeur?

Getal woorde: _____ (7)

13. Skryf die meervoud van die onderstreepte selfstandige naamwoord neer.

Die dief kruip in die bos weg.

(1)

14. Skryf die volgende sin oor en voeg die nodige leestekens by.
 Hou op om al die goud te vat roep die dief uit.
 _____ (2)
15. Watter voorsetsel is die korrekte voorsetsel tussen hakies?
 Die koning het (in/by/na) 'n verafgeleë land gereis.
 _____ (1)
16. Skryf die teenoorgestelde van die onderstreepte woord neer.
 Die diewe het ryk geword.
 _____ (1)
17. Gebruik die woord “was” in **twee** sinne sodat die verskillende betekenis duidelik na vore kom.
 Sin 1: _____ (1)

 Sin 2: _____ (1)

18. Skryf die teenoorgestelde geslag neer vir die onderstreepte woorde:
- 18.1 Die koning het op 'n lang reis gegaan.
 _____ (1)
- 18.2 Die koning het drie manlike knegte gehad.
 _____ (1)

19. Kies die korrekte bywoord tussen hakies.

“Hoera!” skree hulle (doodhard/kliphard).

(1)

20. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Die glaskas behoort aan 'n ryk koning.

(2)

21. Vul die besitlike voornaamwoord in:

Die koning se was hart was gebreek toe hy _____ gebreekte kas sien.

(1)

22. Skryf 'n gepaste voorvoegsel by die onderstreepte woord om die teenoorgestelde betekenis aan te dui.

Om die gebreekte glaskas reg te maak is moontlik.

_____moontlik

(1)

23. Skryf die voorvoegsel aan van die woord “geneem” neer.

(1)

24. Skryf die korrekte besitlike voornaamwoord vir die onderstreepte woord.

24.1 Die glaskas behoort aan die koning. Die glaskas is ...

(1)

24.2 Die diewe was opgewonde toe ... hoop goud groter en groter word.

(1)

Bestudeer die volgende gedig en beantwoord vraag 25-35.2.

Marie se niesbui

Ek het die heelnag deur genies

En voel vanoggend vaal.

My ma het net een kyk gegee

En 'n bottel pille gaan haal.

My neus het geloop, my oë het getraan,

Ek was regtig siek.

Ek het agtuur al bed toe gegaan.

Terwyl Sussie sit en fliék.

Toe nies en proes ek aanmekaar,

sowaar, die boks snesies is op.

En nou sal juffrou beslis verstaan,

dat ek die speltoets gaan dop!

Bruce Lansky (aangepas)

25. Skryf die **twee** rymwoorde neer wat in strofe 1 voorkom.

_____ en _____

(1)

26. Identifiseer die beeldspraak in die frase “voel vanoggend vaal” (Strofe 1).
- A Assonasie
 - B Alliterasie
 - C Metafoor
 - D Vergelyking
- (1)

27. Hoeveel strofes het die gedig?
- Die gedig het ... strofes.
- _____
- (1)

28. Hoekom het Marie die oggend vaal gevoel?
- Ek voel vanoggend vaal omdat ek ...
- A pille gedrink het.
 - B vir my speltoets geleer het.
 - C al agtuur bed toe gegaan het.
 - D die heelnag deur genies het.
- (1)

29. Wat is die hoofgedagte van die gedig?
- Die hoofgedagte van die gedig is dat as 'n mens verkoue het, ...
- A jy jou toetse gaan dop.
 - B jy nie flieks moet kyk nie.
 - C jy in die bed moet bly en rus.
 - D jy agtuur bed toe moet gaan.
- (1)

30. Verbind die volgende **twee** sinne deur die woord tussen hakies te gebruik.
- Ek het niks geslaap nie. Ek het die heelnag deur genies. (want)
- _____
- _____
- (2)

31. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Ek gaan agtuur bed toe.

_____ (1)

32. Skryf 'n woord neer wat dieselfde betekenis as die onderstreepte woord het.

Ek voel in die oggend vaal.

_____ (1)

33. Uit watter **twee** woorde is die volgende woord saamgestel?

speltoets

_____ + _____ (1)

34. Voltooi die sin deur die korrekte vorm van die woord "vaal" (trappe van vergelyking) op die lyntjie neer te skryf.

Ek voel vanoggend vaal, maar gister het ek _____ as vanoggend gevoel.

(1)

35. Verander die volgende sinne in die ontkenende vorm.


35.1 Juffrou sal verstaan.

_____ (1)

35.2 My ma gee vir my 'n pil om te drink.

_____ (1)

Bestudeer die grafiek en beantwoord vraag 36-40.



36. Wat dui die grafiek aan?

_____ (1)

37. Watter **twee** diere word die meeste gesien?

_____ en _____ (2)

38. Watter dier word amper nooit gesien nie?

_____ (1)

39. Watter woord moet ingevul word op die spasie by nommer 39, bokant die grafiek, om die korrekte titel van die grafiek te gee?

_____ (1)

40. Watter soort dier staan bekend as “Die koning van die diere”?


_____ (1)

41. Skryf 'n brief van 80-100 woorde aan 'n vriend/in en vertel hom/haar van die ANA-toets wat jy sopas geskryf het. Wat het jy van die toets gedink?

Dink jy jy het goed gevaar in die toets, of nie? Onthou, jou vriend/in het ook die ANA-toets geskryf.

Jou brief moet die regte lengte wees. Hou by die onderwerp en gebruik korrekte sinsbou en spelling.

Doen eers jou beplanning vir die brief in die blok wat voorsien is.



Adres

Aanhef

Inleidende paragraaf

Liggaam

Slot

(14)

Word slegs deur die onderwyser / nasiener gebruik.

Punttoekenning vir vraag 41:

Kriteria	Maksimum Punt	Leerder Punt
41.1 Beplanning		
Leerder het vir elke paragraaf beplan.	1	
41.2 Lengte		
'n Inleidende- en 'n slot pragraaf moet geskryf wees.	1	
Vier tot agt goed gestruktueerde sinne is geskryf.	1	
41.3 Inhoud		
Beantwoord die vraag, "Wat het jy van die ANA-toets gedink.	2-1	
Beantwoord die vraag, "Hoe dink jy het jy in die toets gedoen?"	2-1	
Toon belangstelling in vriend/in.	2-1	
Inhoud is skryf, maar geen vrae beantwoord nie.	0	
41.4 Toon, Style en Register		
Gepaste toon: vriendelik	1	
Styl: Gepaste taalgebruik soos jy met 'n vriend sal praat.	1	
Register , nie te formeel nie.	1	
41.5 Taalgebruik		
Variasie van soort sinne met gepaste punktuasie.	1	
Goeie taalgebruik.	1	
Korrekte spelgebruik.	1	
TOTAAL	15	

GROOTTOTAAL: 70

